**<u>Oggenddiens</u>:** 14 Desember 2025
**<u>Leraar</u>:** Johann Herbst
**<u>Tema</u>:** Die Sinergie van Geloof

## Die Verhaal

## Wat het gebeur

Lees saam van die gebeurtenisse in Genesis 23-24

## Die Beginsels

## Genesis 23

1. Die eerste deel van die beloofte land kom in Abraham se besit – Genesis 23:20.
    a. Die eerste stuk land behoort aan Abraham in Kanaän deur 'n handel gesprek wat sewevoudig plaasvind.
2. Hier kan ons ook leer van hoe Abraham besigheid doen.
    a. Hy wil 'n seën wees.
    b. Hy is eerlik en deursigtig met sy motiewe
    c. Duidelikheid is vir Abraham belangrik toe hy vir die spesifieke prys vra.
    d. Hy vertrou die Here met die volle prys. Hy probeer nie vir afslag onderhandel nie.
    e. Hy weier om vrygewigheid te misbruik, en te val onder sosiale druk.

Abraham se onderhandeling word gedoen:

Nederigheid, nie selfregverdiging nie – Hy erken hy is 'n vreemdeling vir hulle.
Deursigtigheid, nie geheimhouding nie – Maak sy motiewe duidelik.
Duidelikheid, nie verwarring nie – Vra vir n spesifieke prys.
Integriteit, nie manipulasie nie – Weier om hulle vrygewigheid te misbruik.
Billikheid, nie gierigheid nie – Hy verkies om volle prys te betaal.
Langtermyn-wysheid, nie korttermyn-wins nie – Hy koop die grond eerlik sodat daar later geen dispute kan kom vir sy generasies wat kom.

**Genesis 24**

1. Die Dienaar word gestuur
    a. Die verantwoordelikheid van die dienaar is groot aangesien dit die belofte van die Here behels.
    b. Die dienaar moet 'n vrou gaan kies met die belofte wat God aan Abraham gemaak in Genesis 12:1-3
    c. Die dienaar se geloof saam met Abraham – Abraham het 'n groot effek op die dienaar se geloof. Hier is 'n paar gedagtes oor die dienaar se verhouding met God:
        i. Die dienaar glo en vertrou dat die engel vooruit gaan, hy weet hy is nie alleen nie.

ii. Die dienaar bid spesefiek en neem eienaarskap in die gebed van die missie waarop hy is.
iii. Die dienaar neem aksie toe hy na die vrou toe loop.
iv. Die dienaar onderskei en ken die werk van die Here uit.
v. Die dienaar doen besigheid soos Abraham
    1. Die dienaar maak sy motiewe duidelik en lê eerlik alles voor die familie uit – hy vertrou die Here met die uitkoms – Ons kan ook so die Here vertrou in besigheid, Erken ook dat Abraham so besigheid doen.
    2. Hy is vrygewig en wil 'n seën wees vir Rebeka se familie
    3. Hy wil 'n seën wees – Hy gee waardevolle ornamente vir die broer en die ma.

2. God is betrokke met die alledaagse goed
    a. Die gebeurtenisse lyk vir die betrokke partye soos normale, elkedaagse gebeurtenisse. Wat hier belangrik is is dat ons besluite, net soos Abraham en die dienaar se besluite, is eg en mak saak. God se betrokkenheid is ook eg en is nie verantwoordelik vir ons besluite nie. Hy werk saam met ons in ons geloof om uiteindelik die groter plan te vervul.
    b. Geloof het werke nodig – Redding → vir → Aksie, nie aksie → vir → redding nie.
    c. Tree op en leef met die beginsels van die Here en vertrou Hom vir die uitkoms.
        i. Moet dinge nie probeer beheer nie.
        ii. Maak besluite, dit maak saak (Die bybel is teen fatalisme)
    d. Geloof het aksie nodig – Ons geloof rig ons voetstappe in die regte rigting.
        i. God rig jou voestappe soos jy Hom vertrou

**Toepassing**

**1. Waar moet ek, soos Abraham en die dienskneg, met nederigheid en integriteit optree—selfs al kos dit my iets?**

**2. Hoe kan ek meer op God se leiding vertrou in my alledaagse besluite, soos die dienskneg wat bid, wag en God se hand raaksien?**

**3. Watter geloofstap vra God van my nou—iets wat ek moet doen voordat ek die hele plan kan sien?**